KLEIN KAROO AGRI
(EDMS) BPK - (PTY) LTD

(Reg 2014/157677/07)

25 Maart 2020

Geagte produsente en die landbou gemeenskap

COVID-19 – KORONAVIRUS 'LOCKDOWN' (27 MAART – 16 APRIL 2020)

Klein Karoo Agri wil elke produsent en die landbou gemeenskap verseker dat alle nodige voorsorgmaatreëls getref is om die impak van die COVID-19 virus tot die minimum te beperk. Alle personeel en kliënte sal moet voldoen aan die protokolle wat by elke tak ingestel is.

President Ramaphosa het 'n landswye 'lockdown' aangekondig op 23 Maart 2020, wat sal geld vanaf 26 Maart (om 23h59) tot en met 16 April 2020. Landbou (insluitend die verskaffing van landbou insette) en vulstasies val onder die groep van besighede wat vrygestel is van die 'lockdown'. Dit word as 'n noodsaaklike besigheid gesien om voedselsekuriteit te verseker aan die mense van Suid-Afrika.

Klein Karoo Agri se primêre doel is die verskaffing van insette wat benodig word in die daaglikse agri bedrywighede van produsente in ons streek. Ons eerbiedig die President en Minister van Landbou se beskouiing van ons besigheid as 'n noodsaaklik besigheid. Daarom sal ons steeds oop wees vanaf 27 Maart tot 16 April.

Die landbou-handelstakke en meganisasie sal oop wees :

- Weeksdae : 08h00 tot 17h00
- Saterdae : 08h00 tot 12h00

Vulstasies by handelstakke gedurende die 'lockdown' periode :

Calitzdorp

- Slegs weeksdae van 08h00 tot 17h00

Prins Albert en Ladismith-tak

- Weeksdae van 08h00 tot 17h00
- Saterdae van 08h00 tot 11h00

Oudtshoorn, De Rust en Beaufort-Wes

- Elke dag van 08h00 tot 18h00

Die twee 24-uur vulstasies (Reinders Total op Ladismith en Klein Karoo Engen op Oudtshoorn) se dienste sal voortgaan soos normaal.

Direkteure: JJ Klue (Voorsitter) JH Delport (Onder Voorsitter) SS Terblanche JJ Strasheim HR van der Merwe
Besturende Direkteur: JET du Plessis E-pos: tduplessis@kleinkaroo.com Openbare Beampte: J Oosthuizen E-pos: joosthuizen@kleinkaroo.com

KLEIN KAROO AGRI
(EDMS) BPK - (PTY) LTD

(Reg 2014/157677/07)

Ons is dankbaar vir elke personeellid wat u as landbouprodusent van noodsaaklike landbouprodukte kan voorsien in hierdie moeilike tyd. Daarom versoek die bestuur van Klein Karoo Agri dat ons personeel, produsente en die landbou gemeenskap die volgende reëlings nakom:

- Slegs een persoon per voertuig, wat aankope van noodsaaklike landbouprodukte kom doen.
- Los asseblief u kinders by die huis.
- Hou u afstand van 1,5 meter van ander kliënte en personeel.
- Aflewerings van produkte kan beperk word.
- Spuit u hande, elke keer as u die tak of stoor inkom.
- Bly by die protokolle wat by takke geïmplementeer is.
- Plaas sover moontlik u bestellings telefonies, reël 'n tyd en kom haal dit dan asseblief af.
- Die veiligheid van ons personeel en kliënte kom eerste.
- Besoek slegs die tak indien dit noodsaaklik is.

Streng reëls sal van toepassing wees vir alle personeel en kliënte wat ons takke besoek. Klein Karoo Agri se bestuur vra dat alle kliënte asseblief geduldig sal wees gedurende die tyd, aangesien Klein Karoo Agri 'n verantwoordelikheid het om die digtheid van personeel te beperk. Klein Karoo Agri sal alles in ons vermoë doen om aan al ons kliënte se behoeftes te voldoen, maar die lewering van produkte neem tans langer en van die produkte is moeilik verkrygbaar.

Kontak asseblief u naaste tak betyds as u sekere noodsaaklike produkte benodig. Klein Karoo Agri sal ook gereeld op ons webbladsy onder inligting ons produsente en landbou-gemeenskap op hoogte probeer hou.

Sterkte aan u en u familie in hierdie moeilike tyd.

In die landbou-omgewing besef ons elke dag ons afhanklikheid van ons Skepper.

Groete

Terblanche du Plessis
Besturende Direkteur

Direkteure: JJ Klue (Voorsitter) JH Delport (Onder Voorsitter) SS Terblanche JJ Strasheim HR van der Merwe
Besturende Direkteur: JET du Plessis E-pos: tduplessis@kleinkaroo.com Openbare Beampte: J Oosthuizen E-pos: joosthuizen@kleinkaroo.com